# MAART 2024-GRADEPLEGTIGHEDE

## SEREMONIERIGLYNE VIR GRADUANDI

### Lees en volg hierdie belangrike stappe, asseblief:

1. Let asseblief op die instruksies aan die regte kant vir hoe om jou graadband te dra.
2. Moet asseblief nie jou band (fakulteits-/graadband) vergeet nie.
3. Jy sal sien dat aankondigingskaartjies op die sitplekke geplaas is. Moet asseblief nie mede-graduandi se kaartjies van hulle sitplekke verwyder nie.
4. Let asseblief op die aankondigings gedurende die gradeplegtigheid. Jy sal na die verhoog geroep word vir die toekenning van jou graad.
5. Bring asseblief jou aankondigingskaartjie saam na die verhoog wanneer jy geroep word vir die toekenning van jou kwalifikasie. Daarsonder kan die Dekaan nie jou naam uitlees nie.
6. Jy sal by punt 1 op die verhoog die aankondigingskaartjie aan die amptenaar oorhandig wat dit aan die Dekaan (punt 2) sal oorhandig om jou naam uit te lees.
7. Neem jou aankondigingskaart terug van die Dekaan, aangesien jy dit nodig het om jou sertifikaat by punt 5 te ontvang.
8. Sodra jou naam uitgelees is, stap na die voorsittende beampte by punt 3, buig en laat die voorsittende beampte toe om jou op die kop te "tik".
9. Stap dan na die Registrateur by punt 4, waar jy:
   a. jou graadband aan haar oorhandig; en
   b. omdraai sodat die Registrateur jou band kan omhang.
10. Ontvang jou applous van die gehoor en stap dan na die einde van die verhoog.
11. Let asseblief op na die merkers op die vloer van die verhoog wat aandui waar jy moet staan.
12. Jy sal jou sertifikaat onder die verhoog by punt 5 ontvang.

### Stap 1

Plaas band oor linkerpols met "V" na bo.



### Stap 2

Hou los punt van band tussen duim en wysvinger vas.



### Hoe om die diploma-/sertifikaartband te dra

### Stap 1

Plaas band oor linkerpols met "V" na bo.



### Stap 2

Hou los punt van band tussen duim en wysvinger vas.



## OPSTAPPLAN VIR GRADUANDI

